Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

Privaatsak X6001 Potchefstroom 2520
Tel (0148) 299 1111 Faks (0148) 299 2799

Departement Kommunikasie
Tel (0148) 299 1642; 299 1032
Faks (0148) 299 1651
E-Pos KOMASDEB@PUKNET.PUK.AC.ZA

4 Augustus 1996

Geagte prof. Wiese

Hartlik dankie vir die vriendelike briefie n.a.v. my promovering. Dit was vir my 'n groot vreugde om dit te ontvang. En jammer ek reageer nou eers: ek was intussentyd oorsee (Australië en Nieu-Seeland) en het nou eers weer grondgevat.

Die proefskrif het inderdaad 'n lang pad gekom. Ek het reeds in 1977 daarmee begin, maar dan as 'n M by Kultuurgeskiedenis. Na vyf jaar het ek my navorsing gebêre en dit eers weer afgestof (letterlik) nadat ek die Joernalistiek-M voltooi het en Potch toe is.

Dit was 'n heerlike, soms emosionele, ervaring. Soms het ek my in trane voor die rekenaar bevind. Ons volk en die Universiteit van Stellenbosch, se dieptepunte was ook die oomblikke waarin die adel die helderste geblyk het. En dit is aangrypend. Ek hoop iets daarvan het op 'n sober wyse in my D neerslag gevind. En hopelik kan dit die een of ander tyd tog wyer beskikbaar gestel word.

Soos u dalk in my Burger-artikel van onlangs raakgelees het, probeer ek m.b.t. Stellenbosch se geskiedenis die pad loop wat u met soveel onderskeiding jeens die NGK gedoen het - om krities-solidêr te wees. Dis nooit 'n maklike pad nie, sal u beter as ek weet. Maar dis die enigste wat mens saans rustig laat gaan slaap, nie waar nie?

Ek hoop om nou 'n paar ander sake af te handel, w.o. my onderhoude met u. Ek maak kontak wanneer ek weer Kaap toe kom, wat dalk nog voor die einde van die jaar is.

My allerbeste wense
Met agting

Johannes (Froneman)